deur LUISA VAN DER LINDE

Sterling skitter!

Carina.

Ariella.

Magdalene.

Eriel.

Die vierstuks elektriese ensemble, Sterling EQ, is witwarm nuus en oorrompel gehore oraloor

Dié instrumentele groep is net meer as twee jaar saam en het reeds bekendheid met hul modeflair, talent en sprankelende verhoogpersoonlikhede verwerf.

Carina Bruwer, elektriese fluitis, vertel een van hul groot hoogtepunte vanjaar was hul optrede by die IPL Kriekettoernooi se openingswedstryd. “Dit was ongelooflik! ’n Mens weet jy doen iets reg as jy by so ’n geleentheid kan optree.”

Nog ’n spesiale optrede was saam met Boney M by die World Travel-toekenningsgeleentheid in Doebai en later weer in Durban. “Hulle is legendaries en dit was ongelooflik om ’n verhoog met hulle te deel. Hul energie was aansteeklik,” gesels sy.

Die blonde elektriese tjellis, Ariella Caira, is besonder trots op Sterling se eerste album, *Nova*, wat in Maart vanjaar uitgereik is. Die CD se titelsnit is as die temawysie van M-Net se joernaalprogram *All access* gekies.

Ariella sê hul albumbekendstelling by die Wembley Square in Kaapstad was een van die opwindendste geleenthede waar sy al opgetree het. “Al die lang weke van harde werk het in ’n fantastiese vertoning uitgeloop. Dit het ons verhouding versterk, ’n sterk aanhangerbasis gebou en ons aangemoedig om ons beste te lewer en ’n nuwe era, dié van Sterling, aan te gryp.”

Eriel Huang, elektriese violis, stem saam met Ariella. Sy voel ook dat die harde werk, toegewydheid, passie en geesdrif van almal wat tot hul albumbekendstelling bygedra het die begin van ’n superopwindende avontuur was.

Behalwe vir oorsese toere en verhoogoptredes met bekende sangers, sonder Magdalene Minaar, elektriese violis en violaspeler, ’n optrede in die Namib-woestyn as ’n hoogtepunt uit. “Ons sien plekke waar ’n mens gewoonlik nie sou droom om te kom nie.”

Maar wie is die talentvolle vroue agter dié musieksensasie? ***Vrouekeur*** het gaan uitvind.

’n Fluitis met flair

“**Carina** is ’n supervrou. Sy besit ’n onderneming, tree op, staan aan die stuur van Sterling EQ, swem twee en ’n half uur ’n dag en is nog ma ook!” sê Ariella.

Eriel beskryf haar ook as ’n ongelooflike bestuurder en vrygewige baas terwyl Magdalene haar kwaliteit as inspirerende sakevrou besing.

Carina het haar BMus (Hons) met lof by Stellenbosch Universiteit geslaag. Sy is ook ’n veelsydige solis wat onder meer saam met die KwaZulu-Natalse Filharmoniese Orkes en die Universiteit van Stellenbosch se simfonie-orkes gespeel het. Carina het al verskeie musiektoekennings ingepalm.

“Ek het met musiek grootgeword. My ouer broer het vandat ek kan onthou klavier gespeel (vandag is hy ’n ongelooflike pianis met ’n meestersgraad van die Royal College in Londen), my ma het altyd gesing en my tannie het kore afgerig.

“Ek het op agt begin klavierlesse neem, maar was altyd ’n bietjie lui wanneer dit by oefen kom. Ek het op hoërskool musiek as vak geneem en op 14 met fluitlesse begin. Ek het ’n natuurlike aanleg getoon (dankie tog, want ek was lui vir oefen!) en het vinnig gevorder en lekker optreegeleenthede in my latere hoërskoolloopbaan gekry.”

Haar man, Riccardo, en eenjarige dogtertjie, Milena, lê haar na aan die hart. “Milena beteken die wêreld vir ons. Ek kan nie eers onthou hoe die lewe was voordat sy gebore is nie! Sy is mal oor musiek en dans graag. Riccardo is ’n kunsregisseur vir advertensies en rolprente en kook heerlike Italiaanse kos. Ook maar net so wel, want ek is glad nie vaardig in die kombuis nie,” vertel Carina laggend.

Behalwe vir haar betrokkenheid by Sterling EQ, is sy ook aan die hoof van die vermaakagentskap Five Seasons Entertainment en is Suid-Afrika se topvrouemarathonswemmer.

“Ek is seker maar bietjie obsessief, want ek het in my eerste jaar op universiteit ’n bietjie geswem om fiks te word en ’n paar jaar later het ek oor die Engelse Kanaal geswem (35 km). Ek het in ’n stadium tot 9 km per dag, ses tot sewe keer per week, geswem. Sedert ek ’n baba het, swem ek ongeveer 4 km per dag so vyf of ses keer ’n week,” sê Carina.

“Omdat ons so gereeld optree, is ek regtig ‘speelfiks’ en hoef nie eintlik te oefen tensy ek ’n nuwe repertorium aanleer nie.

“Ek glo almal in jou lewe kom vir ’n rede oor jou pad en beïnvloed jou op een of ander manier. Met my vermaaklikheidsagentskap het ek ’n goeie idee gekry van wat die publiek in ’n kunstenaar soek en dit het my gehelp om kreatief te dink rondom wat ek as fluitis kan doen wat anders en aantreklik is.”

’n Energieke tjellis

“**Ariella** is Sterling se eie Charlize Theron, beeldskoon en ongelooflik talentvol,” meen Carina. Sy sê Ariella betower gehore met haar ongelooflike verhoogpersoonlikheid.

Magdalene en Eriel is ook dol op Ariella se energie en humorsin. "Sy's beslis die gunsteling onder die manlike aanhangers," meen Eriel.

Ariella is 'n aktiewe kamermusikant met 'n graad in drama. Sy het onder die gesogte tjellis Anmari van der Westhuizen gestudeer en vanjaar haar BA-dramagraad by die Universiteit van Kaapstad voltooi.

"Op vyf het ek my ouers oortuig om my vir klavierlesse te stuur omdat ek jaloers was dat my suster so goed in musiek vaar. Teen nege wou ek my musikale horisonne verbreed en het die swaarste, grootste, duurste instrument gekies wat ek kon kry ... en só tjello leer speel. As ek maar geweet het die tjello weeg 13 kg en dat ek dit saam met ander bagasie deur draaihekke by 'n lughawe moet dra, het ek dalk die piccolo gekies," spot sy.

Tog bly die tjello haar gunstelinginstrument. "Die warm, diep, klanke is sensueel en strelend en word in verskillende musiekstyle gebruik."

Ariella het ook op skool goed gevaar in verskeie musiekkompetisies (onder meer die bekende Sanlam- en ABSA-kompetisies) en sy is ook verlede jaar vir haar akademiese prestasies op die dekaan se merietelys geplaas.

"Ek luister graag verskillende soorte musiek, afhangende van wat ek doen. As ek saam met vriende uitgaan, luister ek iets soos Jitterbug of Footloose. Vir inspirasie luister ek na 'n simfonie en as ek wil ontspan luister ek Ella of Chet Baker. My gunsteling- klassieke komponis is Rachmaninoff. Ek kry hoendervleis as ek na sy concerto's luister".

Ariella hou van lees en skryf, kook, om te gaan gim, staproetes en om saam met vriende soesji te eet.

"Ek is mal oor reis en vreemde tale en kulture. Ek gaan graag teater toe, gaan kyk na lewendige optredes en is mal oor rolprente."

'n Stylvolle violis

"**Magdalene** is 'n skoonheidskoningin, stilis van formaat en my maat wanneer dit by die plesiertjies van die lewe kom," sê Eriel.

"Sy hou die groep se voorkoms met 'n valkoog dop en het al op heelwat geleenthede tot die redding gekom met 'n stylvolle belt, serp of knip wat sy iewers uitruk asof sy 'n winkel in haar handsak saamdra," voeg Carina by.

Ariella sê ook sy sal nie belangrike stylraad by iemand anders vra nie.

Magdalene se pad het heelwat draaie geloop tot waar sy vandag vryskutsanger en violis is. Sy spog met verskeie toekennings, soos die ATKV Musiq-prys, ander ATKV-pryse, die Chisholm Centenary-kompetisie, die Mimi Coertze-beurs die en Unisa Nasionale Stem.

"Ek kom uit 'n baie kunstige en musikale familie en ek het van driejarige ouderdom af al kindermusiekklasse bygewoon. Ek het op sewe met vioollesse begin, baie koor gesing en my eie shows by die laerskool gehou, soos my eerste *band* in standerd drie – 'n rapgroep wat Afrikaanse liedjies op ons eie manier voorgedra het. Ek sal nooit die skoolhoof se gesig vergeet nie! Ek het op skool baie met verskillende instrumente en style geëksperimenteer – van klavier en fagot tot platejoggie – maar altviool bly maar my gunstelinginstrument," sê Magdalene.

Sy sing dus van kleins af, maar het eers in matriek aan die Pro Arte-kunsskool regtig begin sanglesse neem. Magdalene is nou al nege jaar student by dr Nellie du Toit en het in 2005 'n honneursmusiekgraad cum laude by die Universiteit van Kaapstad verwerf.

Magdalene sê haar familie het beslis die grootste invloed op haar musiekloopbaan gehad. "My ouers is albei passievolle argitekte met 'n sterk voorliefde vir musiek en hulle het my nog altyd ondersteun en gehelp om my musiekloopbaan moontlik te maak. My broer, Louis Minnaar, is my grootste invloed as dit by kreatiwiteit kom – hy is 'n geweldig inspirerende kunstenaar en sorg dat ek altyd lus is om nuwe idees aan te pak."

Sy en haar man, Francois, is in Maart vanjaar getroud.

"Hy is 'n wonderlike boerseun en aandelemakelaar en die *greatste* ou ooit! Francois verstaan die musiekbedryf baie goed en is my grootste anker. Ons is ook baie gelukkig dat ons albei gelowig is en saam met God 'n pad stap."

Wanneer Magdalene nie musiek oefen nie, hou sy daarvan om sosiaal te verkeer. "Ek hou graag etes vir vriende en eksperimenteer met nuwe geregte. Verder probeer ek om elke dag te oefen – draf, joga, dansklasse of lang ente se stap op die strand."

'n Musikant met oemf

Hulpvaardig, 'n liefdevolle en ondersteunende "ouer sussie" en iemand wat altyd bereid is om te help en seker te maak die groep het genoeg kos, grimering en 'n glimlag op die gesig.

Só beskryf die ander drie Sterling-lede vir **Eriel**.

"Sy is ons Spoetnik – daardie vingertjies speel 'n duisend note per sekonde," sê Carina.

Eriel, wie se doopname Yee Chen Huang is, is in Taiwan gebore en het later saam met haar gesin eers Durban en daarna Johannesburg toe getrek.

"Die meeste Taiwannese dogtertjies het klavier, ballet of kunsklasse op 'n vroeë ouderdom begin neem. Ek het op driejarige ouderdom met al drie hierdie aktiwiteite begin en dus is my kunssinnigheid en kreatiwiteit van kleins af gekoester. My pa was ook nog altyd lief vir musiek. Ná ons Suid-Afrika toe gekom het, het ek begin viool speel. Ek wou telkemale ophou, maar my passie vir musiek en wat dit aan die luisteraar en kunstenaar doen, het my gekeer. Dit is 'n voorreg en 'n gawe om 'n musikant te wees. Ek is mal oor die viool, maar hou ook van die klank van 'n tjello en klavier."

Soos al drie die ander lede van die groep het Eriel, 'n solis in eie reg, ook al 'n rits toekennings ingeryg. Sy het al saam met verskeie orkeste en ensembles opgetree en het onder meer die sleutelposisie tydens tientalle toekenningsgeleenthede beklee.

"Ek het met Engels en Afrikaans by die skool en Mandaryn en Taiwannees by die huis grootgeword en het Frans en Duits op universiteit gestudeer. Langs die pad het ek ook 'n bietjie Italiaans en Japannees geleer," sê dié beskeie taalghoeroe wat by internasionale groeppoptredes sommer self as tolk dien.

Eriel se ma is haar held. "Sy bestuur eiehandig die grootste Chinese restaurant in Johannesburg en is vir my die verpersoonliking van opoffering en harde werk. My pa is my grootste aanhanger. Sy trots en hoe hy my grootgemaak het, hou my stewig in ons kultuur gegrond. My jonger broer se gemaklike geaardheid en sin vir humor het daartoe bygedra dat ek geleer het hoe om onbaatsugtig aan ander te gee."

Sy beskou stilte as 'n luukse. "Dis partykeer lekker om net na niks te luister nie. As dit nie moontlik is nie, luister ek maar na wat ook al op die radio in die motor is. Soms wissel ek Piazzolla- en operamusiek af wanneer ek bestuur, my CD-speler by die huis het jazz in en wanneer Sterling toer, kuier ons die tyd om." VK

Sterling EQ is ook hierdie maand by die Cultivaria-fees op die Paarl te sien! Hul optrede is op 27 September om 12:00 in die LiquiCoole-saal, La Rochelle

Wen!

3 gelukkige Vrouekeur-lesers kan elk Sterling EQ se CD *Nova* wen. SMS net VK STERLING gevolg deur jou naam en posadres voor 23 September 2009 na 35034. SMS'e kos R3